

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 4

**26 Januarie 2025**

## Vestig ‘n Bybelse wệreldbeskouing

‘n Bybelse wệreldbeskouing beteken om alle aspekte van die lewe – van ons lewensdoel tot ons daaglikse besluite – te interpreter op grond van God se Woord. Dit is nie net ‘n oortuiging nie, maar ‘n raamwerk wat elke deel van ons lewens vorm. Hierdie wệreldbeskouing erken dat God alles geskep het, dat die mensdom inherent sondig is en verlossing nodig het, en dat die waarheid in die Bybel gevind word.
Hedendaagse kultuur is gevul met mededingende ideologieë en morele relativisme, waar waarheid dikwels subjektief is en sosiale standaarde voortdurend verander. ‘n Bybelse wệreldbeskouing anker ons in God se onveranderlike waarheid en verskaf duidelikheid en stabiliteit te midde van chaos.
Om ‘n Bybelse wệreldbeskouing te kweek is ‘n voortdurende reis. Dit behels die bestudering van God se Woord, om deel te wees van die Christelike gemeenskap, en om ons lewens te rig volgens Bybelse beginsels. Hier is ‘n paar maniere om hierdie perspektief te kweek.

**Daaglikse Bybellees en-studie**

Gereelde Bybellees verdiep ons begrip van God se waarheid. Oorweeg dit om elke dag tyd opsy te sit om oor die Skrif n ate dink en die Heilige Gees te vra om insigte te openbaar wat op jou lewe van toepassing is. “…maar wie in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink…” (Ps 1: 2)

**Bid en soek God se wysheid**

‘n Bybelse wệreldbeskouiing word versterk deur gebed en ‘n begeerte vir God se wysheid in alle areas van die lewe. Deur Sy leiding te soek,kweek ons ‘n hart wat met Sy wil ooreenstem. “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.” (Jak 1:5)

**Wees deel van die gemeenskap van gelowiges**

Om deel te wees van ‘n gemeeskap help ons om in ons geloof te groei en verantwoordbaar te bly. Skrifbespreking met ander kan ons begrip verbreed en ons aanmoedig om ‘n Bybelse wệrelsbeskouing uit te leef. “Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomsate van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie.” (Heb 10:24-25) - Gillian Fraser

Dankie!

- Vir die leiding van die Heilige Gees!
- Vir die Woord wat ‘n lig vir ons pad en ‘n lamp vir ons voet is!
- Dat ons in gemeenskap met God kan leef en dat ons kan deel wees van ‘n gemeenskap van gelowiges!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums wat  weer begin het. Vir die kinders se veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Danie Theron |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Anna Chandler |
| • Johnny Viviers | Marlie Holtzhausen |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Elma Swart |
| • Jillian Jansen | Adri Carstens |
| • Tannie Charmaine Venter | |
| • Nettie Badenhorst | Michelle Cowley |
| • Carin Wilsenach | Hannah Bylsma |
| • Jan Viljoen | Dina Roothman |

## Gedagte vir die week

**‘n Bybelse wệreldbeskouing is nie bloot ‘n stel oortuigings nie,**
**maar ‘n daaglikse verbintenis om volgens God se standaarde en waarheid te leef.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org